# Die Matie

SELFSTANDIGE MONDSTUK VAN STELLENBOSSE STUDENTE SEDERT 1941

Nr 1 GRATIS OP KAMPUS VERSPREI DONDERDAG 18 FEBRUARIE 1993



Duur boeke ontstel




p 4


# Doop gaan voort

**Doop op die US gaan voort. Dít is die duidelike boodskap wat, ondanks ernstige intimidasie, deur eerstejaars uitgespel word. Die klagtes wissel van eerstejaars wat snags in hul slaap gesteur en gevloek is tot ernstige gevalle van aanranding en kneuswonde wat die gevolg van hardhandige optrede was. Sonder uitsondering het al die koshuise die amptelike verbod op doop geïgnoreer en die reëls wat die verwelkoming van eerstejaars beheer oortree.**

TALLE eerstejaars in Huis Marais het gekla oor hul "verwelkoming". Volgens die eerstejaars wat met *Die Matie* gepraat het, het veral dronk seniors hulle snags aangerand en hul gedwing om die seniors se name te memoriseer. Verder beweer eerstejaars dat hulle ook gereeld snags besoek is deur die doopkomiteelede waartydens daar op hulle geskreeu is en hul kamers deurmekaar gegooi is.

Twee eerstejaars wat "uitgepraat" het, is na bewering onderwerp aan interne tugsake waartydens hulle deur onder andere die doopkaptein aangerand is. "Daar is 'n voorbeeld van hulle gemaak," het een eerstejaar gesê. Bewerings dat eerstejaars vir seniors soggens koffie in die bed moes bedien en dat hulle in klein kamers opgesluit is, was ook volop.

Volgens 'n eerstejaar, wat verkies om anoniem te bly, was slegs die doopkaptein van Huis Marais 'n HK-lid. Die res van die komiteelede was gewone seniors. Ontgroening het die Sondagaand vóór die akademiese jaar amptelik in aanvang geneem het, begin en is voortgesit tydens die eerste week van klasse. Volgens die universiteitsreëls oor "verwelkoming" word verwelkomingsaktiwiteite slegs gedurende die eerste week toegelaat en mag slegs die HK eerstejaars verwelkom.

In Dagbreek het 'n eerstejaar harsingskudding opgedoen. Sy besering hou, volgens 'n eerstejaar wat nie sy naam genoem wil hê nie, met ontgroenings-aktiwiteite verband. Na bewering is eerstejaars deur HK-lede in die TV-kamer rondgestamp tydens oriënteringsessies. Die vermoede bestaan dat hy tydens een van hierdie sessies beseer is.

Die inwonende hoof van Dagbreek, mnr Tex de Swardt, wou geen kommentaar op die bewerings lewer nie. Volgens die primarius van Dagbreek, Reiner Matthee, word die storie buite verhouding opgeblaas en voel hy dat "ongelukkies" binne Dagbreek self aangespreek kan word. "Die manne in die koshuis kan self die probleme oplos," het hy gesê.

Volgens eerstejaars in Eendrag is hulle die eerste drie dae gedwing om daagliks tot vyf ure lank in die son te staan met hul baadjies en dasse aan. Sommige van hulle is ook erg deur die son verbrand.

In Helshoogte is eerstejaars klaarblyklik weer op die tradisionele wyse "verwelkom" en is kussingslope oor hul koppe getrek tydens hul inlywing op die Dek.

In Huis Visser beweer eerstejaars dat hulle gereeld "rondgepluk" is tydens naamleersessies. Na bewering is een student tydens dié "sessies" by trappe afgestamp. Seniors het onder meer die afgelope Sondagaand kopdoeke en ander vorme van maskers aangetrek en weer eens eerstejaars in die gange rondgepluk en hul ondervra oor seniors se name. 'n Fotograaf van *Die Matie* is die koshuis verbied toe hy die betrokke aand gepoog het om foto's te neem.

Verder is eerstejaars in die vierkant gejaag en met water gegooi. 'n Eerstejaar beweer dat daar ook op hulle gespoeg is. Tweedejaarinwoners van Huis Visser is verlede week eers as "volwaardige" inwoners ingelyf. Die inlywing het behels dat hulle met beddens, konkas en ander artikels by Jonkershoek afgelaai is waarna hulle hul pad in die nag moes terugvind.


In Majuba is eerstejaars volgens alle aanduidings ook aangerand. Talle van die inwoners is met blou kolle aan hul lywe op kampus opgemerk, maar het in antwoord op vrae geweier om verduidelikings aan te bied.

Wilgenhof se "verwelkoming" het weer eens onder groot geheimhouding plaasgevind. Eerstejaars se skaamhare is na bewering afgeskeer terwyl hulle elke Dinsdagnag aan "strafsessies" onderwerp word. Hulle was baie huiwerig om te sê wat die strawwe behels.

Helderberg-inwoners is ook, volgens eerstejaars, aan 'n strawwe doop onderwerp. Volgens van die eerstejaars het veral dronk seniors hulle lastig geval en "rondgepluk". Tydens hul inlywing laasweek moes hulle onder andere kaal aantreë. Hiertydens het een van die eerstejaars in trane uitgebars.

Daarna is hulle in hul onderklere en skoene deur onder andere dronk seniors na die Eersterivier aangejaag om "gedoop" te word. Tydens die proses is hulle met akkers en klein klippies bestook. By die rivier het baie van die eerstejaars kneusplekke opgedoen soos hulle oor los klippe gejaag is en in sommige gevalle in die rivier gegooi is.

Teen druktyd is geen amptelike tugsake nog aanhangig gemaak nie. Volgens die direkteur van studentesake, prof Flip de Wet, is slegs drie mindere klagtes ontvang en is administrasie in die algemeen baie tevrede oor die afloop van die verwelkoming van eerstejaars.



Duisende studente het vanjaar weer eens van karnaval gebruik gemaak om so jolig en uitbundig as moontlik te wees. Foto: Pieter Malan

# Studente op rade

Deur **ANNA-RETHA KRIEL**

BETER kommunikasie tussen studente en fakulteitshoofde sal in die toekoms moontlik wees deurdat klasverteenwoordigers voortaan op die fakulteitsrade sal dien. Dié ontwikkeling volg op samesprekings tussen die Studenteraad en die Senaat verlede jaar.

Volgens die SR-lid vir Akademiese Belange en Interne Skakeling, me Maretha Zaayman, sal die klasverteenwoordigers gereeld met die fakulteitshoofde vergader waar probleme aangespreek sal kan word.

Dit beteken dat studente voortaan selfs toegang tot die dekaan sal hê deur met hul klasverteenwoordigers in verbinding te tree. In die verlede was daar geen studenteverteenwoordiging op hierdie rade nie.

Klasverteenwoordigers dien reeds op die rade van die meeste fakulteite. Verder word daar ook gepoog om nouer skakeling tusen die fakulteitsverenigings en die fakulteitsrade te bewerkstellig.

Me Zaayman het dit beklemtoon dat studente hul klasverteenwoordigers met enige probleme kan nader sodat dit onder die aandag van die betrokke hoofde gebring kan word.

# Rio-tog versuur

DROME van die reis van 'n leeftyd na die tropiese eilande aan die Brasiliaanse kus het skielik in die niet verdwyn vir 'n negentienjarige US-student, me Jenny Tanner, toe sy gevra is om een van die seiljagte in die Kaap-na-Rio wedvaart te verlaat. Op daardie stadium was hulle ongeveer 100 km suid van die hawe van Rio de Janeiro.

By navraag het een van die eienaars van MBS Flyer gesê daar was klaarblyklik nie voldoende plek aan boord van die seiljag om me Tanner te huisves nie. Volgens die Johannesburgse besigheidsman mnr Elian Perch, het hulle aangebied om me Tanner se busgeld na Rio te betaal, maar sy het die aanbod van die hand gewys.

Volgens me Tanner is sy deur die eienaars van die seiljag genooi om die vyfdaagse tog na Isla Grande en ander eilande suid van Rio mee te maak. Gevolglik het sy na Rio gevlieg om haar daar by hulle te gaan aansluit.

Probleme het begin opduik toe die eienaar van die jag me Tanner gevra het om die seiljag te verlaat. Volgens haar het sy die jag verlaat met net R35,00 in haar sak. Verder ontken sê dat sy ooit enige geldelike aanbod gemaak is.

# Registrasie eindig in hospitaal

'n EERSTEJAARSTUDENT sal vanjaar se registrasie nie sommer gou vergeet nie. Haar poging om vir die eerste keer aan die US te registreer het in die hospitaal geëindig as gevolg van "beserings" wat sy opgedoen het.

Volgens die hoof van die musiekdepartement, prof Reino Ottermann, kon die voornemende B-Mus student nie inskryf nie aangesien sy nie haar matrieksertifikaat kon toon nie. Dit het tot talle opgewonde telefoonoproepe na onder andere die student se ma, prof Ottermann se vrou, administrasie en uiteindelik na prof Ottermann self gelei. Hy het toe voorgeneem om haar te help nadat hy klaar die ander studente geregistreer het. Teen die tyd dat hy egter by haar uitgekom het was sy reeds hewig ontsteld.

"Die gefladder van 'n eerstejaarstudent wat vreemd is," het prof Ottermann dit beskryf.

Blykbaar was die student onder die indruk dat sy nie sou kon eet of studeer nie en het sy in trane uitgebars. Met dié het sy haar oë gevryf, waarna haar een kontaklens agter haar oog ingeskuif het. Prof Ottermann was genoodsaak om haar na die Stellenbosse Medi-Kliniek te neem

# Karnaval sorg vir drama

SATERDAG se karnaval-vlotoptog het vanjaar vir groot drama gesorg. Wilgenhof is verbied om aan die optog deel te neem, terwyl Helshoogte-Nerina se vlot afgebrand het.

Die uitvoerende komitee-lid vir karnaval, mnr Ebbe Dommisse, het Wilgenhof verbied om deel te neem nadat dié koshuis met 'n leë vragmotor by die ontmoetingsplek vir die prosessie gearriveer het. Alternatiewe reëlings is vir Huis de Villiers, Wilgenhof se skakelkoshuis getref om hulle in die vlotoptog te akkommodeer.

Van Wilgenhof se eerstejaars was egter gretig om ook deel te neem en geld in te samel. "Dit laat 'n mens wonder of Wilgenhof se HK nie hul beleid oor Karnaval moet hersien nie. Dit is tog heeltemal ondemokraties om eerstejaars die reg te weier om deel te hê aan funksies soos vlotbou en kermis."

Na afloop van die optog het die Helshoogte-Nerina se vlot aan die brand geslaan op die gronde van die ingenieursfakulteit. Die spoedige optrede van omstanders en die brandweer het 'n ramp voorkom deurdat die onderstel waarop die vlot gebou is nie in die brand vernietig is nie. Daar word vermoed dat die brand ontstaan het toe die kragopwekker oorverhit het.


Helshoogte beplan om skadevergoeding sowel as mediese onkoste van die karnavalkomitee te eis nadat 'n eerstejaar brandwonde opgedoen het. Volgens mnr Dommisse is spesifieke instruksies aan HK-lede oorgedra om brandblussers by die karnavalkantoor af te haal en onder geen omstandighede die koshuise s'n te gebruik nie. Helshoogte se brandblusser was foutief en die karnavalkomitee is van mening dat die voorval tot 'n mate vermy kon word indien Helshoogte by die instruksies gehou het.


Feast for the eye



p i

Groot gees rus



p 11

# Opstand teen etepryse op Tygerbergkampus

Deur **ANITA TROMP**

GROOT ontevredenheid omtrent die drastiese verhoging van etepryse in die kafeteria heers die afgelope paar weke op die Tygerberg kampus.

Tot einde verlede jaar is die eteverskaffer, Fedics, deur die Universiteit gesubsidieer, maar volgens hierdie stelsel het die Universiteit jaarliks groot verliese gelei. Gedurende die Desembervakansie is daar besluit om die kafeteria te privatiseer. Verliese, indien enige, sou dan voortaan deur Fedics gedra word en nie deur die Universiteit nie. Die Universiteit sou egter 'n mate van kontrole behou ten opsigte van die keuse van middagetes.

Die ontevredenheid het ontstaan toe die studente ná die vakansie teruggekom het en gevind het dat die prys van 'n bord kos met tot soveel as R7 verhoog is. Veral koshuisinwoners, wat van die kafeteria afhanklik is vir hul etes, was baie ontevrede.

Die SR het vervolgens 'n algemene vergadering gehou wat goed bygewoon is. Etlike voorstelle is ingedien waaronder een dat studente met kos van 'n laer gehalte tevrede sou wees solank dit net laer pryse sou beteken.

Alle voorstelle is ondersoek. Uiteindelik is dat die ou stelsel heringestel – 'n reëling waarvoor die Universiteit ongeveer R30 000 moes betaal. Studente het nou egter 'n keuse tussen twee verskillende etes elke middag: teen R4.50 is'n gereg soos kerrie en rys of lasagne beskikbaar, wat 'n stysel en proteïen bevat, of teen R5.75 'n gebalanseerde bord kos, soortgelyk aan dit wat vroeër verkrygbaar was, met die verskil dat daar nou een groente minder is.

Ander nuus van die Tygerbergkampus is twee suksesvolle bloeddienste wat hierdie jaar aangebied is. Die eerste bloeddiens is gelewer op Donderdag 28 Januarie in die TSS se basketbalsaal en groot getalle studente het opgedaag. Die tweede bloeddiens is Dinsdagaand 16 Februarie by Huis Francie van Zijl gehou vanaf 5 nm.

Die afgelope week is daar ook op die Stellenbosse kampus bloed geskenk. Dié poging is in samewerking met die organiseerders van die Buddy-projek aangebied.

# Neelsie dalk vanjaar omskep

DIE beplande kommersialisering van die Neelsie het 'n verder hupstoot die afgelope vakansie gekry toe ongeveer 200 besigheidsmense 'n vergadering bygewoon het om die voorstelle vir die Neelsie te bespreek.

Volgens die hoof van beplanning, mnr Willem Roos, moet die universiteit toenemend maniere vind om finansieël meer onafhanklik te raak. Dit is waarom daar, na vele navorsing, besluit is om die Neelsie, wat teen 'n aansienlike verlies bedryf word, in 'n winsgewende onderneming te omskep. Bouwerk aan die Neelsie sou reeds hierdie Maart in aanvang geneem het, maar is intussen uitgestel tot die einde van die eerste semester.



**Studente van Serruria besig om seksvoorligting te gee aan plaaskinders tydens 'n leierskapsontwikkelingskamp te Ysterplaat die afgelope vakansie. Agt studente van Serruria en die Militêre Akademie van Saldanha het die kamp aangebied ten einde die kinders die geleentheid te gee om hulle potensiaal te ontwikkel.**

# *Aansoeke word tans ingewag vir die volgende poste:*

**Bestuurshoof:** verantwoordelik vir die finansiële bestuur en deurlopende bedryf van die koerant. Toepaslike ondervinding verkieslik.

**Advertensiebestuurder:** verantwoordelik vir die werwing en administrasie van advertensies vir die koerant. Word besoldig op kommissiebasis. Assistente word ook benodig.

**Hoof-fotograaf en Assistent-fotograwe**

**Briewe-en-Meningsredakteur**

**Aktueel-subredakteur**

**Kuns-en-Vermaak-subredakteur**

**Sport-subredakteur**

**Verslaggewers: Nuus, Aktueel, Kuns-en-Vermaak, Sport, Interkampus en Briewe-en-Menings**

Die Matie bied aan jou die geleentheid om in voeling te bly met kampusgebeure, jou skryfvaardigheid te ontwikkel en 'n wye verskeidenheid mense te ontmoet. Vorige joernalistieke ervaring is verkieslik, veral vir hoofredaksielede, maar nie noodsaaklik nie.

Aansoekvorms is beskikbaar by die SR-kantoor. Alle aansoekers vir die hoofredaksie moet met hul aansoekvorms Maandag 22 Februarie om 17H30 by die Matie-kantoor, Van der Bijlstraat 9, aanmeld; potensiële verslaggewers kan die Algemene Redaksievergadering om 18H30 kom bywoon.

# Bonusgelde vir Uskor

Deur **MARIUS DE JAGER**

DAAR het verlede Dinsdagmiddag amper probleme ontstaan omtrent die verkoop van T-hemde in die loopgang. Klaarblyklik het 'n student, mnr Pieter van Riet, T-hemde in kompetisie met die Karnavalkomitee se T-hempstalletjie begin verkoop.

Die mede-voorsitter van die komitee, mnr Graham Anderson, het met die SR-lid vir Kleure en Erekleure, me Arnél Venter, in verbinding getree om uit te vind of mnr Van Riet wel die SR se toestemming gehad het om T-hemde met die universiteit se tekens daarop te druk en te verkoop.

Volgens universiteitsreëls moet die ontwerp eers deur die universiteitsowerhede en die SR goedgekeur word waarna dit verkoop mag word.

Hoewel mnr Van Riet se T-hempontwerp reeds vier jaar gelede deur die universiteit goedgekeur is, is dit nie deur die SR goedgekeur nie, en kon hy dus na regte verbied word om die T-hemde te verkoop. Nadat mnre Anderson en Van Riet die saak bespreek het, is daar besluit dat mnr Van Riet voort mag gaan met sy verkope op voorwaarde dat hy twee rand op elke hemp aan die karnavalkomitee sal skenk, wat dit dan aan Uskor sal gee om dié projek te ondersteun.

Volgens mnr Anderson was daar nie probleme nie aangesien hy en mnr Van Riet vriende is en het hulle die saak op 'n vriendelike wyse besleg.

# Nuusflitse

## Vandalisme lei tot optrede

VOLGENS die hoof-kampusbeheerbeampte, mnr Johan Victor, het vandalisme en wetteloosheid verlede jaar 'n hoogtepunt op Stellenbosch bereik.

Hy het onder andere na 'n voorval verwys waarin 'n bord by die uitgang tussen die Natuurwetenskappegebou en die Bedryfsielkundegebou afgebreek is op dieselfde dag wat dit opgerig is. Verder word die bord naby Kampusbeheer, wat die US vakansieverblyf aandui, in alle windrigtings gedraai terwyl die borde wat studenteparkering aandui ook gereeld onder vandale deurloop.

"Die studente breek die borde af wat vir hulle eie gerief opgerig is. Dit kos ons R450 om elke bord te vervang. Ons kan net nie voorbly met die aanvraag nie. Die munisipaliteit se vullishouers wat afgebreek word, kos R800 elk," het hy gesê.

Volgens hom staan baie studente onverskillig teenoor hulle optrede aangesien hulle bloot sê dat dit in opdrag van 'n senior student gedoen is. Indien studente hulle aan vandalisme sou skuldig maak, word hulle voor 'n tugkomitee gebring. 'n Boete en skadevergoeding sal dan opgelê word.

Kaptein Sakkie van Zyl van die SAP het gesê hulle ondervind veral probleme met die afbreek van padobstruksies, stoptekens en enige ander vorm van padtekens. Die munisipaliteit se vullisdromme word afgebreek en in die strate rondgerol. Voertuigbeskadiging en die opsetlike breek van eiendom vind ook redelik dikwels plaas.

Mnr Victor het egter bygevoeg dat die samewerking met die studente oor die algemeen goed is. "Daar is net 'n klein persentasie studente wat nie wil hoor of luister nie," het hy gesê. – *Gisela Marx*

## Motorongeluk eis student

'n STUDENT, me Jenny Knowds, is op Vrydag 5 Februarie noodlottig beseer in 'n motorongeluk naby Worcester. Me Knowds was 21 jaar oud en 'n B Rek (Hons)-student.

Me Knowds was die middag omstreeks eenuur vanaf Bellville op reis na Montagu waar haar vriend, mnr Jacques Marais (27), woonagtig is. Hy is 'n vrugteboer in die omgewing. Ná die toetsreeks, wat sy die vorige naweek afgelê het, sou sy die naweek by hom gaan deurbring.

Die ongeluk het omstreeks eenuur tussen Worcester en Robertson plaasgevind. Die motor waarin sy onderweg was, het die pad verlaat en 'n hele aantal kere gerol. Toe ambulanspersoneel by die ongelukstoneel opgedaag het, was me Knowds nog by haar bewussyn, alhoewel sy veelvuldige beserings opgedoen het. Hulle het haar na die Eben Dönges-Hospitaal op Worcester geneem. Mnr Marais is ook gekontak en het hom na die hospitaal gehaas, maar me Knowds is voor sy aankoms reeds oorlede.

Volgens mnr Marais was mej Knowds 'n liefdevolle, opgeruimde mens met 'n sprankelende geaardheid. Sy was in talle dinge geïnteresseerd en het 'n wye belangstellingsveld gehad. "Sy sou alles doen om ander te help. Jenny het ook 'n maand voor die ongeluk aan my gesê sy is gereed om na die Here te gaan," het hy gesê. – *Caryn Voigt*

## DP hou inligtingseminare

DIE DP-LP vir Berea(Johannesburg), dr Dennis Worrall, het verlede Woensdag voorspel dat 1993 voorspoediger lyk vir 'n politieke kompromis aangesien beide die ANC en die NP besef dat konsensus binnekort bereik moet word.

Hy het gepraat tydens 'n DP-inligtingseminaar wat deur die DP-jeugtak van Stellenbosch gereël is. Volgens dr Worrall was 1992 'n moeilike en depressiewe jaar waarin politieke partye hulself posisioneer het. Hy het die DP se rol in die toekoms as kritiek bestempel aangesien die party nie soveel "hang-ups" soos die ander partye het nie.

"Die DP het nog nooit werklike mag gehad nie en daarom word ons nie gekoppel aan onder andere korrupsie, doodskampe en moordbendes nie," het hy gesê.

Tydens 'n tweede inligtingseminaar gister het me Dene Smuts, DP-LP vir Groote Schuur, Suid-Afrika se toetrede tot die VN se 1979-konvensie oor die uitskakeling van diskriminasie teen vroue as 'n antiklimaks beskou. Die ondertekening van die konvensie het verlede week plaasgevind en is sonder enige ophef ontvang.

"Die enigste manier om vroueregte te verseker is deur volgehoue druk en wetlike versekering. Die nuwe oorwinning vir vroue sal dus moet plaasvind in die parlement," het sy gesê. - *Sybrandus Adema*

## Kampus sonder elektrisiteit

GROOT dele van die kampus is Maandagoggend sonder krag gelaat nadat 'n transformator van 'n hoofsubstasie aan die brand geslaan het.

Die transformator in Hammandshandweg het omstreeks halfnege met 'n knal aan die brand geslaan en het daartoe gelei dat 25 persent van die dorp se elektriese toevoer vir bykans twee ure onderbreek is. Op die kampus self was die Neelsie en sommige ander fasiliteite gesluit, terwyl etlike klasse ook gekanselleer is. Daar kon eers ná twee ure na alternatiewe kragtoevoer oorgeskakel word, aangesien die vuur en rook die herstelwerk bemoeilik het.

Volgens munisipaliteitsamptenare word die voorval ondersoek. – *Riekie-Louise Human*

FOTO STUDIO LOCKLEY
EIE. COR LANGENBERG
Die Beste
DIE STUDENT SE AMPTELIKE FOTOGRAAF
Vir al u foto's:
RUGBYGROEPE, HUISFOTO'S, PORTRETTE ENS.
PASPOORT EN I.D.-FOTO'S TERWYL U WAG
Die goedkoopste
TEL. 833131 (02231)
Pleinstraat 21, Langs Saambou, Stellenbosch

*Weet jy iets wat ons moet weet?*

***Bel Die Matie by 72332 of 5979***

# Skynongeluk by Bierfees

Deur **SYBRANDUS ADEMA**

'n SKYNONGELUK is verlede Dinsdag tydens die Bierfees gehou om die gevare van drink-en-bestuur by studente in te skerp.

Dié oefening het deel uitgemaak van die Buddy-projek en is deur Huis Marais en Huis Ten Bosch in oorleg met die munisipale brandweer, ambulansdiens van die SDR, verkeersdepartement en die SAP beplan en uitgevoer. Om 23:00 is 'n motorwrak met "beseerdes" voor die stadsaal geplaas waarna nooddienste opgedaag het. Die area is afgekordon, skuim is gespuit en die motors is met meganiese kake oopgesny. Die "beseerdes" se toestand is gestabiliseer deur middel van onder meer binne-aarse voeding en nekstutte.

Volgens die karnavallid verantwoordelik vir die Buddy-projek, mnr Hennie Strydom, was die "ongeluk" só realisties dat twee dokters op eie inisiatief by hulle aangesluit het, terwyl 'n vrou histeries geraak het by aanskoue van die "ongelukstoneel". Die dokters is hoflik weggewys, terwyl dié vrou, wat flou geraak het, vinnig gehelp is.

Die oefening het baie omstanders gelok en die aangewese rektor, prof Andreas van Wyk, het die geleentheid gebruik om 'n paar woorde namens homself en Boschmarais Buddy '93 te spreek. Hy het omstanders versoek om verantwoordelik op te tree sodat almal die Karnaval ten volle kan geniet. Mnr Strydom was veral geamuseerd deur sommige studente se reaksie by aanskoue van die ongeluk:

"Die beste van alles was die omstanders wat aan mekaar vertel het hoe hulle die ongeluk sien gebeur het," het hy gesê.



Prof Van Wyk besig om omstanders toe te spreek.

# Sosius loods Vigsweek met bekende seksoloog op US

Deur **MARIUS DE JAGER**

SOSIUS se Vigsweek, wat vanaf die vyftiende tot die agtiende van vandeesmaand strek, is Sondagaand tydens 'n funksie in die Sanlamsaal geloods. Die spreker was dr Etienne Kok, 'n seksoloog verbonde aan die departement van urologie aan die universiteit van Pretoria.

Volgens die SR-lid vir Sosius, Quintin Lewarne, is die doel van dié week om vigs-bewustheid op kampus te verhoog.

"Daar word gepoog om weg te beweeg van die uitgediende wetenskaplike aanbiedingswyse en eerder die menslike sy aan te spreek. Daarom word morele aspekte uitgewys en klem geplaas op vraagstukke soos die sosiale aanvaarding van vigslyers," het mnr Lewarne verder gesê.

Die doel van die bekendstellingsfunksie was om die prims en SR-lede presies in te lig oor die onderwerpe wat dr Kok tydens die week sal behandel, aangesien Vigs volgens dr Kok 'n baie delikate saak is waaroor heelwat misopvattings bestaan.

Dr Kok het verder klem gelê op die ongemaklikheid wat bestaan omtrent die mens en sy seksualiteit. "Ek gaan eerlik en kaalkop dinge aanspreek om die ongemaklikheid te oorbrug," het hy gesê. Tydens die toespraak het hy gereeld opmerkings gemaak wat die spanning omtrent die onderwerp verlig het.

"In ons samelewing word mense gevoer met sekere opinies omtrent seks en liefde en dié idees skep verwagtinge wat dan tot misverstande lei. Dié misverstande is 'n direkte gevolg van die gebrek aan kommunikasie tussen mense."

Dr Kok, wat op sy eie onkoste die week aanbied, praat tot vanaand daagliks by twee koshuise.

Sosius beplan verder om later vanjaar 'n vigslyer te kry om praatjies te lewer oor die gewaarwordinge van 'n lyer te wees.

## Diskriminasie teen vroue ondersoek

'n KOMITEE wat deur die Rektor aangestel is, is tans besig om 'n ondersoek te loods na die diskriminasie teen vroulike personeellede van die US. Dié komitee is in Oktober verlede jaar gestig en het reeds die eerste verslag by die Rektor ingedien.

Volgens die voorsitter van die komitee, prof NJ Botha van die departement maatskaplike werk, is daar tot dusver onder meer ondersoek ingestel na die verskille wat daar tussen die mediese fonds, pensioenfonds, behuisings- en verhuisingsubsidies van manlike en vroulike personeellede bestaan.

Daar is ook vasgestel of die kraamverlof wat vir vroulike personeellede beskikbaar is, voldoende is en die nodige aanbevelings is gemaak.

# Watson-lesing gewild

DIE wêreldberoemde Nobelpryswenner, prof James Watson, het verlede Woensdag in 'n stampvol Con de Villiers-saal 'n kort lesing tydens die etensuur aangebied.

Die lesing het gehandel oor 'n projek waarmee hy tans besig is, naamlik "The Human Genome Project". Die doelstelling van dié projek is om genetiese materiaal te identifiseer. Die projek probeer ook om dié deel van die geen verantwoordelik vir die ontwikkeling van borskanker te isoleer.

Verder word ondersoek ingestel na etiese-, regs-, en sosiale kwessies. In die toekoms sal byvoorbeeld bepaal moet word watter partye toegang mag verkry tot 'n persoon se genetiese materiaal.

"Die ontwikkelinge wat tydens die sewentigerjare plaasgevind het, sal dit vir die mens moontlik maak om alle genetiese instruksies in DNA teenwoordig, te identifiseer," het prof Watson gesê. Hy het in 1962 die Nobelprys ontvang vir sy ontdekking van en navorsing oor die dubbele heliks struktuur van die DNA-molekuul.

# Regskongres op kampus

DIE Stellenbosse regsfakulteit was onlangs die gasheer van 'n regskongres by geleentheid van die 25ste herdenking van die herstigting van die vereniging van universiteitsdosente in die regte.

Die doel van die kongres was om die dosente op hoogte te bring met al die nuutste verwikkelinge in hul onderskeie vakgebiede. Dit het die vorm aangeneem van 'n paar groot inleidende aanbiedings en daaropvolgende verdelings in kleiner groepe volgens vakgebiede.

Die kongres is deur dosente van universiteite dwarsoor die land, asook uit die buiteland, bygewoon. Prof Christine van den Wyngaert van die universiteit van Antwerpen het die hoofrede tydens die volle kongressessie gelewer.

**CUT-PRICE STUDENT SUMMER SPECIAL**

Steers

STELLENBOSCH

***FAST FOODS***


Steers Fast Foods welcome back all students and wish them a successful 1993!

**JUICY STEER BURGER plus FAMOUS STEERS CHIPS plus FRESH GARDEN SALAD**

**All for only R7,90**

**BUY 2 SPECIALS AND GET 2 FREE SOFT-SERVE ICE-CREAMS VALID TILL 26 FEB.**

*We also offer reduced rates for any student groups*




# Berig oor boekpryse

Vir diegene van julle wat *Die Matie* se raad van laaskeer gevolg het en nié hals-oor-kop boeke gaan koop het nie, plaas ons hier 'n vergelykende lys van die drie bekendste boekwinkels se pryse vir die drie bekendste fakulteite: lettere en wysbegeerte, regsgeleerdheid en ingenieurswese. Natuurlik was dit onmoontlik om álle voorgeskrewe boeke te noem, maar dié tabel gee 'n verteenwoordigende beeld van die verskillen - de pryse wat die verskillende firma's vir dieselfde boeke vra.

| | H.A.U.M. | Van Schaik | Swot Stop |
|---|---|---|---|
| **Afrikaans 178** | | | |
| Die Taalkommissie: *Afrikaanse woordelys en spelreëls* | 30 | 50 | 48 |
| De Vries: *Die Afrikaanse Kortverhaalboek* | 35 | 35 | 32 |
| Du Plessis: *Die Nag van Legio* | 22 | 20 | 19 |
| Opperman: *Groot Verseboek* | 45 | 45 | 43 |
| **Engels 178** | | | |
| Twain: *Huckleberry Finn* | 11 | 12 | 14 |
| Chapman: *Accents* | 29 | 27 | 25 |
| Dickens: *Great Expectations* | 14 | 25 | 19 |
| Shakespeare: *King Lear* | 19 | N/B | 18 |
| **Filosofie 122** | | | |
| Copi: *Introduction to Logic* (8ste uitgawe) | 55 | 54 | 90 |
| Wilson: *Thinking with Concepts* | 52 | 47 | 40 |
| **Filosofie 142** | | | |
| Wellman: *Morals and Ethics* | 70 | 68 | 50 |
| **Frans 178** | | | |
| Alternatiewe tot Atkins: *French-English Dictionary* | 70 | 30 | 39 |
| De Maupassant: *Mon Oncle Jules et Autre Novelles* | 23 | N/B | 12 |
| **Latyn Beginners** | | | |
| Smuts ea: *Lexis Latina* | 16 | 16 | 14 |
| **Politieke Wetenskap 142** | | | |
| Kotzé en Greyling: *Politieke Organisasies in SA:A-Z* | N/B | N/B | 54 |
| **Chemie 124** | | | |
| Cruywagen et al: *Inleiding tot die Anorganiese en Fisiese Chemie* (2e uitgawe) | N/B | 122 | 95 |
| **Fisika 134 en 164** | | | |
| Kane and Sternheim: *Physics* (3de uitgawe) | N/B | 153 | 120 |
| **Sterkteleer 144** | | | |
| Avner: *Introduction to Physical Metallurgy* (2de uitgawe) | N/B | 99 | 75 |
| **Fisika 114 en 144** | | | |
| Halliday and Resnick: *Fundamentals of Physics* (3de uitgawe) | 129 | 165 | 120 |
| **Soölogie 178** | | | |
| Miller and Harley: *Zoology* | 103 | 126 | 38 |
| **Privaatreg 112** | | | |
| Du Plessis: *Inleiding tot die reg* | 67 | N/B | 65 |
| Cronjé en Olivier: *Die SA Persone- en Familiereg* (2e uitgawe) | 122 | 122 | 109 |
| Malan en Labuschagne: *Wettebundel Persone- en Familiereg* | | | |
| Cronjé en Heaton: *Vonnisbundel oor die Persone- en Familiereg* | 81 | 81 | 73 |
| **Masjientegniek 124** | | | |
| Krar et al: *Technology of Machine Tools* (3de uitgawe) | N/B | 117 | 115 |
| **Klassieke Kultuur 114** | | | |
| Aeschylus: *Prometheus bound and other plays* | 31 | N/B | 36 |
| Aristophanes: *The Wasps,the Poet and the Women, the Frogs* | 38 | 39 | 38 |
| Homer: *The Illiad* | 33 | 33 | 25 |
| Sophocles: *The three Theban plays* (25,50) | 29 | N/B | 25 |
| Amos and Lang: *These were the Greeks* (46) | 52 | 52 | 46 |
| Euripides: *Medea, Hecabe, Electra, Heracles* | 26 | N/B | 20 |



# Net 'n gemompel uit die Mondstuk?

**Dit wil voorkom asof mense dink Die Matie spreek nie meer tot studente nie. Dit is nie meer 'n interessante studentekoerant, óf, aan die ander kant van die spektrum, 'n waghond oor studentebelange en aktuele kwessies nie. Die Matie word eerder beskou as 'n vervelige en futlose opstel-blaadjie. LYDIA VAN NIEKERK het 'n paar vrae gestel en menings getoets in 'n poging om die aangeleentheid in 'n objektiewe lig te plaas.**




SEDERT 1941 maak Die Matie daarop aanspraak dat dit die onafhanklike mondstuk van die Stellenbosse student is, dat dit verlig én inlig, sowel as om 'n bron van skerp kritiek en soms bytende satire te wees. Dit het natuurlik dikwels in botsing gekom met dié instansies en individue wat hulself in stryd met die breë studentemening bevind het.

Talle omstrede sake het oor die jare in die koerant aandag gekry, met wenkbroue wat gelig en menings wat rondgevlieg het. Ondanks die feit dat sensasie en skandale gerapporteer en soms selfs geskep is, het Die Matie steeds gewone studente verteenwoordig en gevolglik aanklank gevind by die hele studentegemeenskap.

Nou word egter beweer dat Die Matie hierdie "vonkel" verloor het waarna studente tweeweekliks gretig uitgesien het. Instede het dit eerder net nóg 'n stuk gemorspos geword wat jy dalk sal lees as dit toevallig op jou lessenaar lê terwyl jy eintlik moet studeer.

Die vraag wat nou ontstaan is óf die koerant die pad byster geraak het en, indien wel, hoekom?

Om lig op hierdie kwessie te werp is 'n paar studentemenings geneem met die doel om die gevoel uit alle oorde op die kampus te toets.

'n Tweedejaar het dit só gestel: "Die Matie is vlak! Dit wil vir my voorkom asof sekere joernaliste met mekaar kompeteer om te kyk wie die diepste en mees intellectual kan skryf. Party raak so meegevoer met hulle fancy terme en wilde statements dat hulle artikels rêrig inspanning kos om te lees, maar die ergste is dat jy aan die einde agterkom dit was in elk geval net 'n geprewel oor niks!"

'n Ander tweedejaar het gevoel Die Matie het balans verloor. Sy is van mening die koerant verteenwoordig nie langer die gemiddelde Stellenbosse student nie, maar is bloot gerig op die "hoë literêre tipes", deur die skryf van verregaande artikels wat nie werklik relevant is vir die meeste studente nie.

'n Ander student het dit as volg gestel: "Die Matie is droog, want dit is nie gemaklik om te lees nie. Dit kos soveel moeite om van die stories te lees dat jy dit net sowel kan los. Maar ek is mal oor die studentemenings en en foto's. Die politiek is ook interessant, maar die meeste van die tyd probeer die skrywers net té hard om weird te wees... asof hulle te hoog wil vlieg."

Daar bestaan die gevoel by sommige redaksielede van Die Matie dat dit egter net moontlik is om interessant te skryf indien die materiaal daarvoor op die kampus ontstaan, en dat die koerant se vervelige beeld miskien eerder 'n duidelike weerspieëling is van die tye waarin ons leef. Daar is byvoorbeeld nie meer sterk opponerende politieke partye wat in hewige stryd met mekaar op die kampus funksioneer nie.

Dit wil voorkom asof die hele land in afwagting is op die vooraand van groot verandering in die land, en dat niks van wesenlike belang dus nou plaasvind nie. Die klimaat van onsekerheid lei daartoe dat min besliste standpunte ingeneem word. Soos die res van die land wag Die Matie skynbaar op 'n gebeurtenis van belang, waaroor daar genoegsame verskil van opinie is sodat reaksie van studente gelok sal word.

Op die oomblik word die koerant geforseer op te fokus op sake van plaaslike en kampusbelang wat studente hopelik interesseer. Verskeie oplossings vir hierdie dilemma word uit verskeie oorde aangebied, maar wys in dieselfde rigting: meer opnames oor kampusaangeleenthede, meer foto's van studente, veral tydens hulle meer "onbewaakte" oomblikke en meer artikels oor nuwe giere, eetplekke en drinkplekke. Sommige wil selfs 'n sosiale kolom oor die nuutste skindernuus sien.

'n Oud-Matie was van mening dat dit studente self is wat bydra daartoe dat die glans van die koerant verlore gegaan het: "Die Maties se gees is stadig besig om agteruit te gaan. Ek kan nie die presiese rede gee nie, maar ek vermoed dit is omdat die studente dit te maklik het. Hulle het alles al gesien en belewe en daarom hou Stellenbosch geen meer lewe in nie.

"Ons het dit verlede jaar met intervarsity gesien: die studente se gees is net nie meer wat dit was nie. Dis geen wonder dat Die Matie nie meer vir studente interessant is nie. Hoe interesseer jy 'n kampus met so 'n slapgat houding? Hulle is net te wêreldwys en blasé om sulke 'eenvoudige' dinge soos *Die Matie* te lees."

Hoewel die mening van dié oud-Matie die saak meer in perspektief stel, bevind Die Matie ditself in 'n Catch 22-situasie. Die redaksie beskou die vermaaklikheid én relevansie van die koerant steeds van die allergrootste belang. Dit is ook duidelik dat die studentegemeenskap self 'n groot rol in hierdie saak te speel het.

# Stellenbossers praat oor verkiesing

**Die hele land is aan die praat oor 'n moontlike verkiesing. Omdat daar nog geen definitiewe datums of prosedures afgekondig is nie, spekúleer baie Suid-Afrikaner oor wat die toekoms vir hulle mag inhou. NICOLA SCHOEMAN het 'n paar van Stellenbosch se inwoners gaan vra wat hulle dink oor 'n toekomstige verkiesing, die huidige situasie, en die toekoms van Suid-Afrika.**

**Allan Jordaan**, student
"I don't think that South Africans should get worked up too much over an election.There will have to happen quite a lot before anything settles. The future? Nogal moeilik. Well, it doesn't really help if all the politicians are incompetent. Still, I think South African people have what it takes to bring about a successful country."

**Franklin Josephs**, skolier
"Wat ek dink van die toekoms? Ek wil liewers hê ander mense moet ook daaroor dink. Ek dink die mense is moeg gebaklei; hulle sal seker nog rustig word. Die grootmense is baie agter – hulle moet bykom."

**Laura Holden**, student
"I support elections that should be held as soon as possible. If we can just sort of get clarity for what we "think" people might settle down. Maybe not an election - maybe just a nationwide opinion poll (laughs).

"Too optimistic? No, I am not too optimistic about the future - it will stay violent. I just think the people can settle down with elections. I will stay however, if push comes to shove. I don't have money to go anywhere." (laughs)

**Monica Rautenbach**, student
"Ek dink 'n verkiesing sal binne die volgende twee jaar plaasvind. Ek dink egter nie dit gaan veel verander nie. Die land haak nou vas in 'n patroon wat ek dink niemand kan uit nie. Ek wens net die politici kan meer spesifiek wees, jy weet, meer vir ons sê wat aangaan. Dit gaan moeilik wees, maar ek dink alles sal regkom."

**Robert Vorster**, student
"Hey, almal gaan binne drie maande stem, daar gaan besluit word dat almal van mekaar moet leer. So dan gaan hulle 'n helse klomp VCR's uitruil en wit en swart gaan videos van mekaar kyk en almal gaan sing en dans in die strate."

**Johan Walters**, universiteitspersoneel
"Die election gaan nou binnekort gehou word. Almal weet dit al lankal. Dit sal beter gaan, dink ek, maar ek dink nie my lewe gaan verander nie - sulke goed is mos maar ver van ons. Daar moet vir elke party eers nuwe leiers gekies word. Miskien moet ons eers nuwe partye kry."

**Azziza Ely**, vrugteverkoper
"'n Verkiesing sal binne 'n jaar se tyd geskied. Ek verkies nog altyd mnr De Klerk. Die situasie in die land is tans delikaat en onseker; die nie-blankes tree nie reg op nie en veroorsaak algemene swaarkry."

**Anton van Eeden**, student
"After changes, things are more or less the same. Ek twyfel of die verkiesing al hierdie jaar uitgeroep sal word – al die politieke partye is te onstabiel. Die huidige opset is onregverdig, maar ek is optimisties oor die toekoms."

**Mnr en me B Danielz**, pensionarisse
"Verkiesings is veronderstel om op 'n vyfjaarlikse basis plaas te vind. Dit sal nog baie jare duur voordat swart en wit gereed sal wees om 'n gesamentlike verkiesing aan te pak. Die omstandighede in Suid-Afrika is tans treurig; dit kan nie veel slegter gaan as op die oomblik nie."

**Paul Lawson**, kettingwinkeleienaar
"Ek is ten gunste van 'n verkiesing om die land op 'n stewige voetstuk te plaas. Dit is veral nodig om die ekonomie weer op die been te kry en die geweld stop te sit. Die belangrikste oorweging is myns insiens die ekonomie. Suid-Afrika beskik oor geweldige potensiaal.

"'n Verkiesing moet voor die einde van die jaar geskied en nie eers in April 1994 nie.

"Die binnelandse toestand is tragies. Aan die ander kant is ek optimisties dat die nie-blankes sowel as die blankes suksesvol sal saamwerk. Daar is te veel probeer leer uit onsuksesvolle voorbeelde in Afrika, soos onder andere Zimbabwe, Zaïre en Uganda."

**Frank Lawrence**, algemene arbeider.
"'n Verkiesing is noodsaaklik en moet so as gou moontlik afgekondig word omdat te veel landsake nog onafgehandel en ongeorden is. Die plaaslike toestand is nog nie goed genoeg nie. Daar is volop ruimte vir verbetering. Met voldoende samewerking wag 'n goeie toekoms in hierdie land. Daar is wel 'n uitkoms vir alle Suid-Afrikaners."

**Prof Hennie Kotzé**, dosent in politieke wetenskap.
"Dis jammer dat 'n verkiesingsveldtog geveg gaan word sonder dat vooraf ooreengekom is oor die spelreëls op die politieke speelveld. In vergelykende perspektief met ander state wat dieselfde politieke oorgange gevolg het, is Suid-Afrika beslis nog op roete. Ek is relatief positief dat 'n aanvaarde skikking vir die meerderheid van die bevolking bereik sal word."

## so by the way...

■DIE netelige Broederbondkwessie wat die US se rektorskap en besluitnemingsprosedures onder die soeklig geplaas het, is nog lank nie verby nie. In Vrye Weekblad se uitgawe van 5 – 11 Februarie is daar berig dat die "Stellenbosse Mafia", 'n uitgelese groepie wat "die belange van die AB op plaaslike vlak orkestreer en beheer" gefaal het om hul benoemde kandidaat tot die pos van vise-rektor (bedryf) aangestel te kry. Hulle keuse was prof Wynand Dreyer, dekaan van die tandheelkunde-fakulteit.

Die persoon wat verkies is, en dan ook die senaat se kandidaat was, is prof Christo Viljoen, dekaan van die fakulteit ingenieurswese. Volgens die koerant is die poging om die senaat uit die verkiesing te skakel deur prof Mike de Vries en prof Andreas van Wyk gelei.

Prof Viljoen het glo gesê hy gaan uit die AB bedank indien hy verkies sou word. Die Matie het hom om 'n onderhoud genader, maar kon eers 22 Februarie 'n afspraak geskeduleer kry. Hou dus die volgende uitgawe dop vir Broeder-nuus.

■Die Matie het al verskeie berigte oor groen-dit en groen-dat gepubliseer, maar as in ag geneem word dat 'n hoop Maties, wat A4-grootte gevou is en 'n meter hoog staan, een volgroeide denneboom is, help dit nie veel nie. Ons is besig om 'n omgewingsvriendeliker manier te probeer vind om die koerant te bedryf, byvoorbeeld deur van recycled papier gebruik te maak, of iets. Ons hoop om binnekort verslag te lewer.

# Die Matie

Redaksionele Kommentaar

Donderdag 18 Februarie 1993

## Deur skades en skandes

AGT jaar gelede, in die berugte 1985, is 'n verslaggewer van Die Matie geteer-en-veer nadat hy 'n berig oor Wilgenhof se "oriëntering" geskryf het. Twee jaar gelede het 'n tweedejaar met die slag van 'n donderbuis in sy koshuiskamer wakker geword nadat hy foto's en inligting oor Helshoogte se "inlywing" aan 'n dagblad gestuur het.

En hier is ons in 1993 – weer met 'n voorbladstorie oor insidente van dié doop wat kwansuis nie bestaan nie.

By verskeie geleenthede die afgelope paar maande het grootkoppe in Administrasie, selfs die aangewese rektor, driftig gesê dat hulle baie tevrede is dat daar die laaste paar jaar só min klagtes oor doop was.

Dié van ons wat al in koshuise gewoon het, weet egter dat die afwesigheid van klagtes waarskynlik meer die gevolg van uiters effektiewe intimidasie as die afwesigheid van doop beteken.

Die twee faktore wat veral prominent uit die anonieme stories van eerstejaars kom is eerstens die wangedrag van dronk seniors wat hul lewens ondraaglik maak, en tweedens, selfs nog meer ontstellend, die kondonering van die wanpraktyke deur huisvaders en -moeders.

Op die mees skynheilige manier moontlik word daar glo aan ouers belowe dat daar na hul kinders omgesien sal word en dat hulle self by alle oriënteringsaktiwiteite teenwoordig sal wees, en dan is hierdie selde mense bewus van wat in die koshuis gebeur en getuies van eksplisiete wanpraktyke by veral inlywingseremonies.

Daar is tog voor-die-hand-liggende metodes om vir eens en altyd 'n einde aan die terrorisering van verwarde eerstejaars te maak. Dit het tyd geword dat die onus op ander mense as die geïntimideerde eerstejaars en Die Matie rus om die skandes van Stellenbosch se roemryke tradisies te ontbloot.

## Prysverskille skreiend

IN die lig van die laaste twee weke se rondskarrel om al die voorgeskrewe boeke in die hande te kry, het Die Matie besluit om 'n vergelykende ondersoek na die stand van boekpryse op die dorp te doen (sien bladsy 4). Die resultate is insiggewend; veral die groot prysverskille by die verskillende boekhandelaars vir nuwe boeke laat 'n mens wonder.

Ons wil graag 'n versoek rig: eerstens kan dosente, wat die boeke voorskryf, spesifiek aan studente sê watter handboeke noodsaaklik is en waar hierdie boeke die goedkoopste is. Te veel studente, veral eerstejaars, koop alle boeke wat genoem word by die eerste beste winkel.

Tweedens behoort dit moontlik te wees vir die plaaslike boekhandelaars om ten minste te poog om studente tegemoet te kom. Is dit werklik nodig om nog die laaste sente uit studente se sakke te tap as die totale onkoste van universiteitstudie reeds die meeste studente dwing om met reuselenings hul loopbane te begin?

## Die Matie onder soeklig

DIE Matie-redaksie, alhoewel daar 'n gedurige verwisseling van studente plaasvind, stem altyd saam daaroor dat ons Die Matie relevant en leesbaar wil hou. In samewerking met die Mediakomitee word daar vervolgens in die eerste semester 'n wetenskaplike ondersoek deur die Sosiologie-departement gedoen na studente se mening oor Die Matie. Die redaksie onderneem ook om enige publiseerbare bevinding te plaas en so ver moontlik ooreenkomstig op te tree.

Ons plaas in die lig hiervan reeds 'n voorbereidende artikel (sien bladsy 5) waarin 'n paar studente hul menings oor Die Matie binne die konteks van die politieke klimaat van die kampus lug.

Dit is vir ons ook van groot belang om 'n lewendige korrespondensie met ons lesers te behou. Waar dit enigsins binne ons vermoë is, sal ons enige kommentaar oor die koerant in die vorm van 'n brief publiseer. Uiteindelik is Die Matie die studente se koerant, en alhoewel ons steeds belangrike kwessies wil aanspreek, wil ons ook hê dat studente Die Matie moet geniet.

## Ons groet dr Craven

DIE afsterwe van dr Daniël Hartmann Craven beteken Stellenbosch sal nooit weer dieselfde wees nie: selfs as jy absoluut geen belang stel in rugby nie, kon jy nie anders as om van dié besondere man kennis te neem nie. Elke keer as jy hom selfs net op straat gesien het, kon jy nie help om te dink dat hierdie man dalk net 'n tikkie groter as die lewe self was nie. Hy was en is déél van hierdie dorp en universiteit.

# Kampusquotes

**"Does this thing tell you where to go?"**
First year when somebody handed him an ad.

**"Die ouens het die heeltyd hier rondgeval."**
SR-lid James Liebenberg aangaande die Valskermklub se aansoek om lidmaatskap van die US Sportklub, by 'n SR-vergadering.

**"Waar is my klas?"**
'n Verdwaasde prof Willie Esterhuyse die eerste klasdag in 'n leë lesingsaal.

**"Hege, selfs in Bghredasdorp het hulle ons nie so ghrondgef** nie."**
Eerstejaar in die Loopgang gehoor in reaksie op die "verwelkoming" in sy koshuis.

**"Ons praat nie oor dinge wat nie plaasvind nie."**
'n Huis Marais-eerstejaar oor hul oriënteringsaktiwiteite.

**"Ons kyk net M-Net en drink koffie."**
Wilgenhof-eerstejaars oor hul verwelkoming in die koshuis.

**"Ek is mal oor anargie. Iemand moet dit net organiseer."**
Derdejaar-regstudent.



"Goed, wie van julle wil eerste verwelkom word?"

# En Moses word opgezip




MOSES staan op platform nommer vyf en deursoek sy tabel met treintye. Sy pak komberse en klere lê netjies op die sitplek gestapel. Sedert daardie veertig jaar in die woestyn is hy 'n professionele rondtrekker, en sy pak is altyd onberispelik netjies. Dinge het met sy gesig gebeur, en sy oë toon tekens daarvan dat hy alles dopgehou het terwyl dit gebeur het.

Ek staan ook op die platform nommer vyf. Maar ek weet vir 'n feit die trein gaan laat wees en op 'n ander platform oppitch, omdat die kragdrade afgebrand het. Groenie Van Wyk konnie die brand blus nie. Toesê ek dit vir Moses daarvan sodat hy ook 'n clue het.

"!" antwoord hy en loop weg.

Hy was so hostile soos 'n Finlay's crowd teenoor 'n slim blondine. Ek loop toe agter hom aan en herhaal my vriendelike boodskap, maar hy staar my net aan asof ek 'n ...er... student is. Toe strike dit my, maar my liewe hemel, ek is. Of nee wag- dis die neëntigs. My liewe hel, ek is.

Ek meen as daar iets is waarvoor Moses seker al moeg is dan is dit studente. Hier volg sy gedagtegang:

Urghh en al dit maar die trein is darem laat. Studente moet my net uitlos, want ek wil nie sere om my mond kry nie. Hoekom gaan lees hulle nie of iets? My maag is nou seer van al die buk. Jesus.

UHM...JA?

Ek kyk na Moses.

"Askuus tog?"

"Ek sê: Jesus."

HIERBO.

Moses rol sy oë en verdwyn met die geluid soos 'n backtracking van die Big Bang.

Gnab Gib.

...

Moses verskyn in die Neelsie. God.

PA!

Nooit! Nie hier nie. Ek haat rooi. Veral teen dakke en op chips. Ten minste kyk hulle my darem nog nie snaaks aan nie en hulle ignoreer my as ek hulle ignoreer. En mens kan hulle eet as jy regtig fisies desperaat is. Dis meer as wat jy van meeste mense kan sê.

Chips gee mekaar ook nie harsingskudding in koshuise nie. Hulle loop ook nie kaal in die gange rond nie, alhoewel 'n kaal chip meer aan my libido sal doen as daai vet Engelsman wat voor meisies afgejerk het in Helderberg. Jesus.

EK Sê MOS JA.

Ek onthou nog die goeie ou dae, asof dit gister was. Ek en Aristoteles en 'n paar buddies het in Athene rondgesit en gechat oor Plato se wilde planne vir die toekoms. "Nooit," het ek gesê; "Mense sal nooit daarvoor val nie." Maar Aristoteles het nie gedink enige van ons sal by wees om te sien wat gebeur nie. Hy het natuurlik nie geweet wie ek is nie...

Wie's ek nouweer? God! Ek's Moses!

MOSES.

Sorry.

ZIP

Touché.

Ah hier kom die trein. Lyk of hulle die ding by Duplex gekoop het. Ionesco het altyd gesê dis tragies dat mense net taal het om mee te kommunikeer en dan f** hulle dit ook nog op. Wat ek wil sê is niemand moet ooit op Duplex-toere gaan tensy hulle baie boeke en twee vriende saamneem nie.

Skielik voel ek asof my karakter manipuleer word deur iemand om 'n punt te maak oor Duplex. Eintlik voel ek 'n veer. Ek sien die student dude klim in die rookkompartement in. Tipies. Ek sal maar derde-klas ry. Ag nee. Daar gaan die trein al weer. Skrywers kan my maar manipuleer, solank ek net nie die trein mis nie. Jesus.

JA. VIR DIE LAASTE KEER. WAT WIL JY Hê? Sê ANDERS ROEP EK MY PA.

Vat my Stellenbosch toe.

HOEKOM?

